N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 16

17 April 2022

JESUS…

Joh 3:16-18

God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. God het nie Sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie.

Rom 1:16-17

Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood. In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe."

Rom 4:22-25

Omdat Abraham geglo het, het God hom dus vrygespreek. Dat hy vry gespreek is omdat hy geglo het, is nie net ter wille van hom opgeteken nie, maar ook ter wille van ons wat vry gespreek sal word, óns wat in God glo wat vir Jesus, ons Here, uit die dood opgewek het. Hy is vanweë ons oortredinge oorgelewer en Hy is opgewek sodat ons vrygespreek kan word.

Rom 5:1-2

God het ons dan nou vrygespreek omdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop op die heerlikheid wat God vir ons bestem het.

Rom 5:8-10

Maar God bewys Sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van Sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word. Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van Sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die lewe van Sy Seun gered sal word.

Dankie!

- **Vir die voorreg om terug te dink aan wat God in Jesus Christus vir ons aan die kruis kom doen en kom gee het!**
- **Vir die diepte en grootheid van God se liefde vir 'n verlore wêreld!**
- **Vir ons verlossing, bevryding, genesing, versoening, …….!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir die Ukraine en Rusland situasie… Vra die Heilige Gees om jou te lei. Ook vir die lande wat onder groot druk verkeer in hantering van vlugtelinge…, maar ook beskerming van die vlugtelinge teen uitbuiting.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – ons dank die Here dat sy nou in remissie is!
- Johan Kotzé – vir volkome herstel.
- Carina Haasbroek – vir volkome genesing en herstel.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Tannie Nollie Pretorius – vir die nabyheid van die Here en genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Toni Redelinghuis – tuis maar nog swak. Vir spoedige en algehele herstel.
- Suzelle Barkhuizen – vir volle herstel en genesing.
- Jaap Naudé – vir volle genesing.
- Lettie Koekemoer – vir die nabyheid van die Here.
- Christa de Swart – vir die nabyheid van die Here.

.

Gedagte vir die week:

Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. – Rom 8:35;37

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org